# Verskillende Beskouings in verband met die Kategese

M J DU P BEUKES

*Leonhard Fendt*[1] beskryf die kategese as verkondiging wat die "Heilsindikativs und des Heilsimperativs der Bibel" langs die weg van die kerklike onderrig wil bedien (p 17). Kategese is vir hom iets geheel anders as gewone opvoeding. Dit is geen kultuurgoed wat oorgedra word tot volle ontwikkeling van die menslike religieuse persoonlikheid nie, maar verkondiging wat die geloof in die Drie-enige God wil stig en bou.

Net soos vir Fendt is kategese vir *van Uchelen*[2] verkondiging van die Woord met die oog op die geloof. "Wij hebben voortdurend de onderrichting der Kerk nodig, opdat het geloof gevoed en gesterkt worde en wij weerstand zullen kunnen bieden in den boozen dag" (p 13). Die kategese van die kerk beskryf hy as "heilig onderricht". Met die woord "heilig" wil hy die kategese onderskei van alle ander vorms van onderrig. Die uitgangspunte, die subjek, die objek, die doel en die metode verskil van alle ander vorms van onderrig. Vir die gewone onderrig lê die pedagogiek en didaktiek die algemene riglyne neer. Vir die kerklike onderrig is die Bybel die eerste gesaghebbende bron. Hy gebruik nie die begrip heilig om daarmee te sê dat die kerklike onderrig op sigself heilig is nie. Die kerklike onderrig word bedien deur mense en sal daarom altyd menslik en gebrekkig wees. "Doch het is heilig onderricht, omdat in en door dit menschelijk doen iets gebeurt van God uit" (p 23). Hy lê veral klem op die "rig" van die begrip "onderrig" en stel van daaruit die kern van die begrip onderrig. Met die onderrig wil die kerk die katkisant rig onder die Woord van God, Jesus Christus (p 20).

*Volgens Kenneth D Blazier en Evelyn M Huber*[3] is die bepalende faktor by wat kategese is, die bepaalde kerk se beskouing met betrekking tot sy taak en roeping in die wêreld. Op grond hiervan omskryf hulle die kategese soos volg:

"(a) Christian education is a teaching-learning enterprise, ground in theology and Scripture, whose goal is to enable persons to learn of God through Christ as experienced in the Christian community, the church.

(b) The goal of Christian education is to help all persons know God's love as it is revealed in Jesus Christ, grow in their understanding of the Christian faith, and be involved in the mission of the church.

(c) The goal of Christian education is to teach all persons the Bible,

> Christian beliefs, and right-and-wrong, so they may live as Christians" (p 13).

Uit hierdie skrywer se opvattings kom 'n paar sake voor wat van die allergrootste belang is:

> Die kategese is nie 'n uitvinding van die mens nie, maar is gegrond op die Woord van God.
> Met die kategese wil die kategeet die katkisant leer aangaande God se liefde, sy geloof laat groei en toeneem en hom inskakel by die kerk se werk in die wêreld.
> Dit wil die katkisant se lewe so vorm dat hy uiteindelik in die wêreld sal leef as 'n gelowige.
> Die primêre bron vir alle kategese is die Bybel.

Volgens *C G de Groot*[4] is die doel van die kategese altyd "om God te ken en hom te eer" (p 1). Die tweede deel "om Hom te eer" is altyd die gevolg van die eerste. Uit die "ken" vloei die "eer" voort. Hy verwys ook na J Lens wat dieselfde opvatting gehad het en konkludeer dat die kinders tydens die kategese altyd in die eerste plek na Jesus Christus gelei moet word. Op grond hiervan moet die kategese Christo-sentries wees. In die verlede is daar altyd sterk gepleit dat die prediking Christo-sentries moet wees, maar dieselfde is nie altyd gesê ten opsigte van die kategese nie. Ons moet egter baie versigtig wees met die begrip Christo-sentries. Wanneer ons sê die kategese moet Christo-sentries wees, bedoel ons Jesus Christus, soos die Bybel Hom aan ons verkondig en soos die belydenisgeskrifte Hom bely, moet in die middelpunt van die onderrig staan.

*T Hoekstra*[5] sluit by sy kollegas *Biesterveld*[6], *Kuyper*[7] en *Bavinck*[8] aan met sy opvattings oor die kategese.

"Onder catechese hebben we te verstaan het ambtelijk onderwijs door den dienaar des Woords aan de jeugdige leden der Kerk gegeven, met het doel ze heen te leiden tot het H Avondmaal. De catechese bedoelt te leiden van het eerste tot het tweede sacrament. Bij den H Doop is het kerklid passief, bij het H Avondmaal treedt het actief op; we worden gedoopt, we gaan ten avondmaal. De H Doop is het sacrament van de inlijving, het H Avondmaal het sacrament van de versterking in de gemeenschap met Christus en de Zijnen. Het Avondmaal mag alleen genoten worden na zelfbeproeving, onderstelt het ziellijk volwassen-zijn en het met meer of minder bewustheid aanvaarden van Christus als zijn Heiland en Heer. Bij ieder, die tot den Disch des Nieuwen Verbonds wordt toegelaten, moet in beginsel aanwezig zijn geestelijke zelfstandigheid, een tot-ontwikkeling-gekomen-zijn van de religieuze organen en functies, de besliste keuze vòòr Jezus en tegen de wereld. De catechese nu wil het jeug-

dige kerklid tot die geestelijke mondigheid opleiden, zoodat het als geestelijk volwassene in een bepaalde Kerk optreden kan. Daartoe is noodig onderwijs in de Schriften en in de belijdenis en historie der Kerk. De catechisant moet het geestelijk bezit, waarover de Kerk hic et nunc beschikt, zich toeëigenen, assimileeren, opdat hij als membrum completum zich in de Kerk vrij kan bewegen, en medewerken aan verrijking van de geestelijke schatten, die in den loop der eeuwen reeds verworven zijn. De catechese vormt de schakel tusschen verleden en toekomst der Kerk. Zij moet voorts ook elk lid naar zijn individualiteit zoo bewerken dat het in de Kerk des Heeren de plaats kan innemen en de taak vervullen, die overeenkomt met de gaven en talenten die de Heere ieder van de bondelingen heeft toebedeeld. Natuurlik kan geen catecheet het hart van een kind veranderen. Dat is Gods werk. Maar Hij wil zegenen de middelen die wij tot bereiking van het doel aanwenden." (p 20).

Hieruit vloei baie sake voort wat van die allergrootste belang is:

Kategese is amptelike kerkwerk deur die predikant.
Die objek van die kategese is die gedoopte kinders van die kerk.
Die doel is om te lei van die doop na die nagmaal.
Die Heilige Gees verander die hart en die gesindheid. Die kategeet is slegs instrument in die hand van die Heilige Gees.
Die stof van die kategese is die Bybel, die belydenisgeskrifte en die kerkgeskiedenis.

Met die Bybel as vertrekpunt en na deeglike studie van ander skrywers se standpunte omskryf *de Villiers*[9] die kategese soos volg:

"Dit is die onderrig van die Kerk deur sy ampsdraers aan sy gedoopte, onmondige lidmate om hulle voor te berei vir en te lei tot die aflegging van hulle openbare geloofsbelydenis om daardeur toelating tot die Nagmaal te verkry" (p 26).

*G D J Dingemans*[10] beskou die kategese as oordrag van die evangelie van Jesus Christus in die vorm van onderwys. Langs hierdie weg word volwassenes, maar in die besonder kinders ingelei in die geheime van God se koninkryk (p 126). Anders as baie moderne teoloë neem Dingemans sy vertrekpunt in die Bybel.

"Het ligt voor de hand om eerst te kijken naar de nieuw-testamentische terminologie, die wordt gebruikt om de overdracht van het evangelie aan te duiden. Vervolgens willen wij onderzoeken, op welke wijze Jezus zijn boodschap "brengt" en hoe Paulus en de evangelisten hetgeen ze ontvangen hebben doorgeven. Tenslotte willen we de gevonden bijbelse notities doortrekken naar de huidige praktijk van de leeraktiviteiten van de Christelijke gemeente, zoals die plaats vinden in de katechese, de toerusting en het leerhuis."

In die Nuwe Testament is daar volgens hom twee groepe woorde

wat van die allergrootste belang is vir die oordrag van die evangelie. Die eerste groep woorde dui op die proklamasie van die evangelie (Kérussein – legein – lalein – apophtheggesthai – homilein – diègesithai – ekdiègeisthai – exegeisthai – dialagesthai – dihermeneusein – gnoorizein – angellein, anangellein, apangelein, diangellein, exangellein, katangellein, euangelizetha parresiasthai – martyrein – peithein – homologein – krazein – propheteuein – didaskein – paradidonai – nouthetein ton logon – orthomein – parakalein – elenchein – epitiman) en die tweede groep dui op die onderrig in die evangelie (katecheo en didasko) (p 126 en 127). Na die ontleding van hierdie begrippe kom hy tot die gevolgtrekking: "de aanwezigheid van het rijk van God wordt geproklameerd en tegelijk worden mensen op weg geholpen om het geheim van het rijk te gaan ontdekken en ingewijd te worden in de weg van de messias (p 128). Jesus was tegelyk profeet en leraar (p 1). Hy kondig die ryk van God aan en wy sy leerlinge dieper in in die waarheid van die koninkryk van God. Hy dwing mense nie om die waarheid, wat Hy verkondig, te aanvaar nie. Hy verkondig so dat die beslissing aan die hoorder self oorgelaat word.

Paulus se verkondiging bevat ook die twee fases van proklamasie en dieper inlei in die geheimnisse van God se koninkryk. Met betrekking tot die laaste verwys hy in die besonder na die leerhuis in Efese (Hand 19:9). 'n Belangrike faset van Paulus se werk is dat hy wat woordkeuse en benadering betref, aanpas by sy hoorders. Ook Johannes die evangelis "spreekt de taal van het helenisme van die tijd" (p 130). In die hele proses is dit egter nie die aanpassing by die mens wat die sentrale is nie, maar die inhoud van die evangelie wat geproklameer en onderrig word. Met betrekking tot die sinoptiese evangelies huldig hy dieselfde standpunt. "Het hele boek van Markus is een katechese, een inwijding in de geheimen van de messias. En dat gebeurt niet autoritair, uitleggend, beter-wetend. Maar uitnodigend. Markus heeft een didaktiek ontworpen, waardoor hij mensen als het ware uitnodigt om zelf in zijn verhaal ontdekkingen te doen" (p 131).

Saam met al die ander verkondigingsgestaltes sê Dingemans bestaan die kategese uit proklamasie en inwyding in die geheimenisse van God se koninkryk. Dit is verkondiging en verkondiging is alleen opgedra en gerig tot 'n gemeente. Sonder 'n gemeente is kategese niks anders as "droogzwemmerij" (p 132). Hy wil dat die kategese sal plaasvind in 'n saal langs die kerkgebou sodat die katkisante voortdurend herinner sal word aan die feit dat hulle besig is met die werk van die kerk wat gerig is op die kerk.

Die kerklike onderrig sê hy is per definisie "anti-autoritair" (p 133). "Geloofsgeheimen kan men niet aanleren. Geloofsgeheimen moet men ontdekken. De leraar moet niet onthullen en uitleggen of

met kracht van logische argumenten proberen te overtuigen, maar hij moet zijn leerlingen helpen zèlf het geheim van de messias te ontdekken in en achter de woorden van de Schrift" (p 133). Op grond hiervan lê hy besondere klem op selfwerksaamheid van die katkisante. Hy spoor die leerlinge aan om self te soek na die waarheid.

Die geheimenisse van die koninkryk van God is alleen in die Bybel opgeteken en daarom is die kern van alle kerklike onderrig die uitleg van die Bybel (p 133). Die geheimenisse van God se koninkryk wil uitgeleef word in 'n gemeente en daarom is alle kerklike onderrig tegelyk inwyding in die diens van die gemeente in die wêreld (p 133). Die katkisant is deel van 'n gemeente wat in die wêreld is. Hy moet sy geloof in die wêreld gaan uitleef. "Daarom moeten ze de bijbel leren gebruiken met het oog op hun levenssituasie" (p 134). Die kategeet moet aansluit by die wêreld waarin die katkisant leef maar hy moet onthou dat sy eie metodes en tegnieke nie die bepalende is nie, maar die werk van die Heilige Gees. Dit is nie die metode wat die primêre trefkrag het nie, maar die Woord self. "Die krag van die Woord lê in die Woord self en is nie opgesluit in die treffende woordkeuse of voordrag of die persoonlikheid van die bedienaar nie."[11]

*Vir K Dijk*[12] is kategese "de dienst der kerk, die zij in naam van Jezus Christus verricht aan de jeugd der gemeente, naamlijk om deze jeugd in te leiden in de "verborgenheden des geloofs", dat is in de kennis van de inhoud der Heilige Schrift èn van de belijdenisschriften, waarin de kerk haar amen uitspreekt op het ja der waarheid Gods, en om op deze wijze de kinderen des verbonds te brengen van het ene sacrament tot het andere, dat is van de doop, die aan hen in hun eerste levensdagen bediend werd, tot het avondmaal, waaraan Christus ze roept om Zijn dood te verkondigen" (p 8).

Na 'n kort studie van sekere Bybelse begrippe stel *Jooste*[13]: "Onder die wese van die kategese verstaan ons die opvoedkundige aanwending van die Woord van God ten behoewe van die verbondsjeug" (p 28).

*Dr A Kuyper*[14] maak 'n deeglike studie van die begrip "Katecheo" in die Nuwe Testament en kom tot bepaalde gevolgtrekkings in verband met die kategese. Dit is werk waarmee die kerk sy lewe voortplant van geslag tot geslag (p 505). Dit lei van die doop na die nagmaal (p 506). Dit wil die katkisant se geloof so versterk dat hy sonder vrees getuie van Jesus Christus in die wêreld sal wees (p 508). Dit is onderrig van "geheel eigen soort" (p 508) wat hom nie mag laat oorheers deur sy eie hulpwetenskappe nie. "Doch al is uit dien hoofde ook de Catechese aan de algemeene regelen der Paedagogiek en Didactiek onderworpen, toch vragen die regelen hier zulk een wijziging en verkrijgen ze zulk een eigen toepassing, dat blijkbaar een

ander beheerschend element tusschen beide treedt, dat de zelfstandigheid der Catechetiek als theologisch studievak waarborg" (p 509).

Volgens *Achelis*[15] is kategetiek "de theorie van het christelijk godsdienstonderwijs, hetwelk ten doel heeft de kerkelijk onmondigen te brengen tot kerkelijke mondigheid" (p 261). Hierdie mondigheid bestaan volgens hom nie uit verstandelike kennis van religieuse sake nie maar uit 'n welbewuste geloofslewe (p 263). Hierdie geloofslewe is nie primêr eties van aard nie. Wette en voorskrifte is nie die bepalende nie maar die geloof in Jesus Christus waardeur ons salig word (p 309).

*Alfred Krauss*[16] beskou die kategese, soos baie ander, as die werk van die kerk wat die onmondige lidmate van die kerk wil omvorm tot mondige lidmate in die volle sin van die woord." "Während die Pädagogik die Lehre von der gesammten Erziehung des Menschen zu behandeln hat, fasst die Katechetik nur den Unterricht ins Auge, welchen die Kirche den ihr durch natürliche Verhältnisse und eigene kirchliche Ordnungen Angehörigen ertheilen soll, um aus natürlich und kirchlich Unmündigen selbständige Mitglieder der Kirche und dadurch des Gottesreiches zu erziehen" (p 2).

*Kittel*[7] lê sterk klem op die oneindige verskil tussen natuur en openbaring, tussen gewone opvoeding en kategese. Kategese is niks anders as verkondiging van die evangelie van Jesus Christus nie (p 517).

Wat die *Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika* van die kategese dink, word duidelik beskryf in sy kerkwet en bepalings.[18]

> Die kategese is die onderrig aan die kinders van die gelowiges op grond van hulle doop, met die oog op die openbare belydenis van die geloof, die deelname aan die sakrament van die heilige nagmaal en die verantwoordelike lidmaatskap van die Kerk.
> Die kategese is voorts die onderrig ooreenkomstig Matteus 28 vers 19 en 20 aan diegene wat nog nie gedoop is nie en nog nie saam met die gemeente Christus as enigste Heer en Verlosser bely nie.
> Die onderrig betref:
> kennis van die Bybel,
> kennis van die belydenis van die Kerk,
> kennis van die geskiedenis van die Kerk.
> Die kategetiese onderrig vind plaas aan die hand van boeke en geskrifte deur die Kerk aangewys" (p 6).

Op bogenoemde word uitgebrei as in die bepalings gestel word "Die kategese het tot doel om die jeug van die Kerk en hulle wat tot die Kerk wil toetree te onderrig aangaande die leer van die Kerk en die betekenis van hulle dooplidmaatskap van die Kerk waarin hulle op-

geneem is deur die doop om hulle voor te berei vir die deelname aan die heilige sakramente en vir die aanvaarding van medeverantwoordelikheid vir die opbou van die Godryk in die algemeen en van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in die besonder" (p 60).

Nadat hy die Bybelse grondslae van die kategese behandel het sê prof *J I de Wet*[19] die vader van die praktiese teologie in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika "Die katagese is naamlik 'n werk wat op sy eie wyse verrig moet word ter wille van die geloof in Jesus Christus" (p 3).

Nadat hy aangetoon het dat kategese kerkwerk is, net soos die prediking en die pastoraat verkondiging is, en lei van die doop na die nagmaal, sê hy: "Die kategese is 'n gestalte van die kerklike verkondiging wat langs die weg van die bybring van feitekennis en verklaring van die betekenis van die feite en van kontrole van die kennis en verstaan van die feite die volle omvang van die evangelie in die regte volgorde tot stigting en vermeerdering van die geloof aan die gemeente van Christus wil bedien" (p 12).

Naas bo beskryfde plus minus positiewe standpunte in verband met die kategese wemel die literatuur ook van negatiewe beskouings.

Volgens *T C Smit*[20] is die kategese 'n genadegawe tot omhoogbegeleiding. "Terselfdertyd is opvoeding 'n dringende opgawe, verpligting of appél om die jeug na die kruine van 'n persoonlike gelowige lewe te moet begelei, dit wil sê tot 'n volle geheiligde Godvrugtige lewe van innerlike vrede en van arbeid en diens, saam met en vir die naaste, in die wêreld en tot eer en verheerliking van God in Jesus Christus deur die geheimnisvolle werking van die Heilige Gees" (p 8). Dit is duidelik dat hy met die kategese die persoonlike geloofslewe van die katkisant wil vorm. Die kern van hierdie geloofslewe is egter nie die geloof in Jesus Christus nie, maar die etiese gehoorsaamheid aan gebooie en voorskrifte. Hierdie persoonlike geloofslewe is 'n lewe saam met die naaste. Dit is goed en reg maar hierdie naaste moet in die eerste plek beskryf word as die gemeente van Jesus Christus.

*Die Heidelbergse Kategismus 1 op las van die Sinode van die Gereformeerde Kerk*[21] sê: "Die doel van die katkisasie mag niks anders wees nie, as om die kinders van die kerk op te lei in die gereformeerde leer – die leer van die Skrif, soos vervat in die drie Formuliere van enigheid" (p 2). Hier word 'n belangrike uitspraak gemaak ten opsigte van die stof van die kategese. Die Bybel word beskou as die primêre bron. Die Bybel mag egter nie verstaan word op enige willekeurige wyse nie. Die kerk wil die Bybel verstaan en verklaar soos die kerk dit self deur die eeue heen gedoen het en gevolglik word die gereformeerde leer omskryf as die leer van die Bybel en bygevoeg soos vervat in die drie Formuliere van enigheid. Die doel van die kategese

mag egter nie so beperk word soos dit hier gestel word nie. Die kategese wil veel meer as net om 'n mens te bind aan 'n bepaalde belydenis. Dit wil jou nie in die eerste plek aan 'n belydenis bind nie maar aan God self. As 'n katkisant opgelei is in die gereformeerde leer kan dit beteken dat hy oor 'n groot aantal kennis beskik, maar die geloof kan nog ontbreek.

*Bijlsma*[22] omskryf die kategese as: Bybring van die kennis van die Bybel, die vorming van bewuste meelewende lidmate van die kerk, opvoeding tot verantwoordelike mense voor God en die voortgang van die kennis van God van geslag tot geslag (p 12 en 13). Met sy verdere uitwerking laat val hy die klem op verantwoordelike mense in etiese sin. Die geloof in Jesus Christus neem 'n sekondêre plek in. Dit is nie teologiese beginsels wat vir hom die swaarste gewig dra nie maar didaktiese en pedagogiese uitgangspunte.

*Volgens Berkelbach van der Sprenkel*[23] is dit nie een of ander kultuurgoed wat tydens die kategese oorgedra word nie "maar het kerk-zijn wordt voortgeplant" (p 8). Wanneer hy die kategese egter verder gaan beskryf, is dit ook nie Bybelse gronde en teologiese prinsipia wat die bepalende is nie, maar net soos by Bijlsma die didaktiek en die psigologie. Langs hierdie weg word die kategetiek feitlik opgehef as teologiese wetenskap en word dit gewerp tussen die wetenskappe wat aanvanklik bedoel was om hulpwetenskappe van die kategetiek te wees.

*Steenmeijer-Van Rij*[24] verwys na *Delforge*[25] se definisie van kategese "Die christeliche Erziehung geht im wesenlichten darauf aus, das Kind als Sünder vor das Evangelium Jesu Christi zu stellen, damit das Kind mit der Sünde bricht und eine "neue Kreatur" in Jesus Christus wird, und zwar durch eine wesenhafte Verwandlung seines Herzens, seines Geistes, seines Denkens" (p 13). Volgens Steenmeijer-Van Rij moet hierdie doelstelling van die kategese afgewys word want kinders behoort nie belas te word met "sonde; bekering en wedergeboorte nie" (p 12 en 13). Hy wil liewer aansluit by aanhalings soos "Christian education is concerned with the way in which we become aware of the human situation in which we find ourselves, what the world in which we live is really like" (p 13). en "Religious truth is normal experience at fullest depth"[27] (p 13). Vir hóm is die belangrikste uitgangspunt "normal experience" en daarom is sy belangrikste uitgangspunt die leefwêreld van die kind. Positief is hy van oordeel dat die besondere verband tussen ouers en kinders behou moet word en beskou daarom die kinderdiens as die sentrum van alle religieuse opvoeding. "Kinderdienst, kinderkerk en zondagsschool zijn die gestalten van "gemeente-zijn," waar het kind uit kerkelijke zowel als uit niet-kerklijke gezinnen gedurende een of enkele uren per zondag – en wellicht op ander dagen –

op een door tijd en plaats geëigende en op pedagogische, didaktisch en ontwikkelingspsychologish verantwoorde wijze,
zodanig wordt opgenomen in het geloven, het spreken, het zingen, het belijden, het bidden, het offeren, het handelen in barmhartigheid, en de sacramentsbediening van de kerk der euwen, dat het, mede door de zegen, die de (kinder)kerk in de naam van haar Heer Jezus Christus over de kinderen uitspreekt,
geroepen wordt een antwoord te geven,
en een antwoord te zijn op de uitnodiging,
die vanuit het Evangelie tot het kind komt,
opdat het in de levensverbanden,
waarin het door Gods leiding geplaatst is of nog geplaatst zal worden,
zijn weg moge vinden in de rechte verhouding tot God en zijn naaste,
zodat het kind als kind nu en als volwassene later zijn
behoren-bij-de-gemeente in solidariteit met de naaste
en met de wereld met vreugde mag beleven" (p 27).

Ons sou verwag dat in die beoefening van 'n teologiese wetenskap of die beskrywing van 'n verkondigingsakte van die kerk die klem sou val op "geroepen wordt een antwoord te geven, en een antwoord te zijn op de uitnodiging, die vanuit het Evangelie tot het kind komt." Dit gebeur egter nie. Die klem val vir hom op die "ontwikkelingspsychologisch verantwoorde wijze." In so 'n mate dat hy pas na die omskrywing van die doel van die godsdienstige opvoeding 'n deeglike uiteensetting gee van die leefwyse van kinders van 8-10 jaar. Uiteindelik is dit die aanknoping by hierdie kinders se lewens en hulle opvattings wat die hoogste woord spreek en nie Bybel of teologies gefundeerde prinsipias nie.

*Plantinga*[28] sluit baie nou aan by Steenmeijer-Van Rij. Hy pleit dat "de catechese meer zal worden ingesteld op de belevingswereld van de jongeren" (p 228). In sy studie gaan hy uit van die teologiese lyne wat deur Roscam Abbing getrek is en die pedagogiese lyne van Langeveld. Hy probeer om hierdie twee lyne bymekaar te bring. Dit is uiteindelik nie die teologiese lyne wat die bepalende is nie, maar die psigologies-pedagogiese.

Vir beide *Francke*[29] en *Niebergall*[30] is die kategese niks meer as "Fromigkeitserziehung" nie (p 509). Die klem val op die werke en nie op die geloof in Jesus Christus nie.

Volgens *Salzmann*[31] is godsdiens en gevoel of gesindheid dieselfde. Die Bybelse inhoud dien slegs om die gevoel te bevorder. Die Bybel is nie die primêre bron om die regte gesindheid of gevoel aan te kweek nie. Sy katkisante begin gevolglik nie met die Bybel nie maar met die "Geschichten guter Kinder" (p 511).

*Berthe*[32] het dieselfde pad as Salzmann bewandel. Sy vertrekpunt is

nie die Bybel nie maar die natuur veral waar dit aanskoulik en duidelik voor die mens afgebeeld staan. Saam met die kinders ondersoek hy die natuur asof hyself nog 'n kind is (p 511).

*Eksistensieteologie*

Die opvattings van die eksistensieteologie in verband met alle godsdiensonderrig word vir ons mooi saamgevat deur *prof dr J H van Wyk.*[33] "Samevattend kan die doelstelling van die godsdiensonderrig, soos gestel deur eksistensiële opvoedkundige denkers van ons tyd, dan lui: Die doel van die godsdiensonderrig is die aankweek van naasteliefde (gekenmerk deur naastediens, konsiderasie, hoflikheid en verdraagsaamheid); die navolging van die voorbeeld deur Jesus gestel, veral in sy opofferende naasteliefde aan sy medemens; die ontwikkeling van die potensialiteite van die hele persoon sodat hy in staat sal kan wees om homself in vryheid en verantwoordelikheid te verwesenlik en verwerklik in hierdie lewe. Verder moet die godsdiensonderrig diensbaar wees aan die groei na geestelike en godsdienstige volwassenheid – en dit alles moet dan bereik word in 'n nie-dogmatiese en non-konfessionele sfeer" (p 201). Die doel van die godsdiensonderrig word hier gelykgestel met die doel van alle godsdiens soos dit gesien word deur die moderne eksistensieteologie. Die primêre van die godsdiens is nie die geloof in Jesus Christus nie, maar die wyse waarop jy leef, in die besonder die wyse hoe jy optree teenoor jou naaste. Godsdiens is vir hulle nie in die eerste plek geloof in die Drie-enige God nie maar "a way of life, an attempt to try to understand God and to conduct our lives in a just and honest way in accordance with his will".[34] Langs hierdie weg word die Christelike godsdiens en ander godsdienste gelyk aan mekaar gestel. Die Christelike godsdiens geniet alleen voorrang omdat dit meer klem laat val op die wyse waarop mense teenoor mekaar optree. Hierdie optrede teenoor ander mense is die "smal pad" wat toegang verleen tot die ewige lewe. Vir die "way of life" is Jesus Christus die ideale voorbeeld. Die hoofsom van Jesus se boodskap sê hulle is die vraag "How much do you love." Die bekende woorde van Augistinus "Jy moet God liefhê en doen dan verder wat jy wil,"[35] word dikwels aan die kinders voorgehou maar met weglating van die woordjie God. "Love, and then, what you will, do"[36] Die sentrale doel van die Bybelse onderrig is nie geloof nie maar diens. Die diens is nie in die eerste plek gerig tot God nie, maar tot die medemens.

Sterk klem word gelê op die selfverwerking van die individu se wysheid. Die godsdiensonderrig moet die potensiële van elke kind tenvolle ontplooi sodat die kind self vry sal wees van alle bindinge. Die kind moet word wat hy is. "For education really means the process of leading out the potentials within every child," en die werk-

like taak van die onderwyser "is essentially that of nurturing the potential of the whole person."[36] Te Woerd praat feitlik dieselfde taal as hy die godsdiensonderrig beskryf as die proses waarlangs iemand geestelike volwassenheid moet bereik. Hierdie geestelike volwassenheid word gelykgestel aan persoonlike verantwoordelikheid teenoor die medemens.[37] Hierdie sin van die lewe, so word gestel, kan nie meer langer gevind word in die tradisionele leer van die kerk nie en gevolglik word verlang dat alle binding aan 'n bepaalde kerk en 'n bepaalde dogmatiek opgehef moet word. "It is surely clear that we can no longer identify religious education with instruction in a particular religion, or of a particular denomination."[38]

Met die kategese wil ons die katkisant nie in die eerste plek bind aan 'n bepaalde kerk of 'n bepaalde leer wat deur mense opgestel is nie, maar aan God soos Hy Homself in die Bybel openbaar. Die Bybel mag egter nie deur elkeen verstaan word soos dit hom pas nie. God het die verkondiging van die Bybel aan die kerk opgedra en daarom wil ons die Bybel verstaan soos die kerk dit deur die eeue verkondig het. Ons wil die Bybel verstaan in ooreenstemming met ons belydenisskrifte. Binding aan 'n bepaalde kerk kan ook nie sondermeer opgehef word nie. Die geloof moet uitgeleef word in die ruimte van die kerk. Deur die eeue heen was dit die wil van God dat die wat glo by die kerk gevoeg sal word (vergelyk Handelinge 2: 42-47).


1. Leonhard Fendt, *Katechetik,* EinFührung in die Theologie und Technik des Kirchlichen Unterrichts, Verlag Alfred Töpelman Berlin W35, 1951.
2. A C van Uchelen, *Het Heilig Onderricht der Kerk,* Holland Amsterdam, 1945.
3. K D Blazier en E M Huber, *Planning Christian Education in your church,* A guide for boards or committees of Christian education, Judson Press Valley Forge.
4. C G de Groot, *Hoe om ons Sondagskooluurtjie interessant te maak,* Uitgewer onbekend, 1950.
5. T Hoekstra, *Psychologie en Catechese,* Rede gehouden bij de overdracht van het rectoraat der Theologische School van de Gereformeerde Kerke in Nederland, den 7 den December 1916, E J Bosch JBzn – Nijverdal, 1916.
6. P Biesterveld, *Het karakter der Catechese,* Kampen, 1900.
7. A Kuyper, *Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid,* Derde deel, Kampen – J H Kok, 1900.
8. Bavinck, *De overwinning der Ziel,* Kampen, 1916.
9. D W de Villiers, *Die Kategese in die Nederduits Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika,* 'n Prinsipiële, historiese en praktiese ondersoek van die kategese in die Nederduits Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Proefskrif ingelewer ter verkryging van die graad Doctor Divinitatis aan die Universiteit van Stellenbosch, Maart 1957.
10. G D J Dingemans, *Proklamatie en onderricht,* Praktische Theologie, Nederlands tijdschrift voor pastorale wetenschappen, uitgeverij Waanders-Zwolle, 2 é jaargang, 1975 afl 2, bl 126.
11. M J du P Beukes, *Kategese as opdrag aan die kerk,* Proefskrif voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad Doctor Divinitatis Universiteit van Pretoria, Maart 1974.
12. K Dijk, *De Dienst Aan De Kerkjeugd,* Kort werkplan voor de catechese, J H Kok N V Kampen, 1954.

13. J P Jooste, *Studiegids vir Kategetiek*, Pro Rege-Pers Beperk, Potchefstroom, 1965.
14. A Kuyper, *Encyclopaedie*, aw.
15. E Chr Achelis, *Praktische Theologie*, Kemink en Zoon, 1906.
16. Alfred Krauss, *Lehrbuch der Praktischen Theologie*, Zweiter Band, Freiburg I B und Leipzig, 1893.
17. H Kittel, *Von RU Zur Ev Unterweisung 1947*, soos aangehaal deur Gert Otto, Praktisch Theologisches Handbuch, Furche 1975.
18. *Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika* met wysigings soos aangeneem tot en met die 58ste Algemene Kerkvergadering.
19. J I de Wet, *Kategetiek*, Diktaatlesings, 1964.
20. T C Smit, *Didaktiese beginsels i.v.m. die kategetiese Onderrig*, referaat gehou tydens Praktiese Teologiese Kongres, ongepubliseerd, Bloemfontein, 1970.
21. *Die Heidelbergse Kategismus*, uitgegee op las van die Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika vir gebruik in Huis, Katkisasie en Skool vir Kleiner Kinders, Potchefstroom Die Westelike Stem-Drukkery, 1953.
22. R Bijlsma, *Kleine Catechetiek*, G F Callenbach N.V.-Uitgever – Nijkerk, 1962.
23. S F H J Berkelbach van der Sprenkel, *Catechetiek*, Handboek voor de Praktische Theologie, Nijkerk.
24. M W Steenmeijer-Van Rij, *Godsdienstige, opvoeding in deze tijd*, s'Gravenhage, 1969.
25. F Delforge, *Lebendige Christeliche Erziehung*, Konstanz, 1959, bl 19.
26. D S Hubery, *Teaching the christian faith today*, Nutfield, 1965, bl 51.
27. V Madge, *Children in search of meaning*, Londen, 1965, bl 8.
28. G H Plantinga, *Jeugd en Godsdienstige Vorming*, Inleiding tot een godsdienspedagogissche benadering van enige catechetische problemen, T Wever-Franeker, 1967.
29. Gert Otto, *Praktisch Theologisches Handbuch*, aw.
30. Gert Otto, *Praktisch Theologisches Handbuch*, aw.
31. Gert Otto, *Praktisch Theologisches Handbuch*, aw.
32. Gert Otto, *Praktisch Theologisches Handbuch*, aw.
33. J H van Wyk, *Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig*, Pro Rege-Pers Beperk Potchefstroom, 1971.
34. J Hartley, *The Story of the Scriptures*, IV, p 33, soos aangehaal J H van Wyk, aw.
35. G Brillenburg Wurth, *Christelijke Zedenleer*, p 45, soos aangehaal J H van Wyk, aw.
36. J Hartley, p 144, aw soos aangehaal J H van Wyk.
37. J W F Te Woerd, *Katechese en vernieuwing*, School en godsdienst, p 75, soos aangehaal J H van Wyk, aw.
38. Catherine Fletcher, *New Frontiers in ethical and religious education*, p 8, soos aangehaal J H van Wyk.